# Inhoudsopgawe


**Voorwoord** 1
**Inleiding tot die poësie** 2
**Gedigontledings** 6

- **Aucamp, Hennie** **6**
  - *Son en Maan* 6
- **Breytenbach, Breyten** **9**
  - *Die tweegeveg* 9
  - *(windroos)* 12
- **Celliers, Jan F. E.** **16**
  - *Dis al* 16
- **Cloete, T.T.** **19**
  - *Luisterswaeltjies* 19
- **De Jager, Dawie** **22**
  - *Rondom my* 22
- **De Lange, Johann** **24**
  - *Palimpses* 24
- **Deacon, Thomas** **27**
  - *Droogte in Namakwaland* 27
  - *Vlug* 30
- **Du Plessis, Clinton V.** **34**
  - *papegaai* 34
- **Du Plessis, Hans** **36**
  - *Tien haikoes vir die Vredefortkoepel* 36
- **Eybers, Elisabeth** **40**
  - *Huiskat* 40
  - *Krisis* 43
- **Fagan, H.A.** **46**
  - *Ek het 'n huisie by die see* 46
- **Goosen, Jeanne** **49**
  - *die dag op nuweland* 49
- **Greyling, Franci** **52**
  - *Reiniging?* 52
- **Joubert, Marlise** **56**
  - *boekmerk* 56
- **Korf, Kobie** **59**
  - *'n Mite* 59
- **Krige, Uys** **63**
  - *Ken jy die see . . .* 63
- **Krog, Antjie** **67**
  - *pryslied* 67
  - *Wetenskapmannetjies* 71

**Laing, Suzaan** **75**
*Eksamenlokaal* 75
**Marais, Eugène N.** **78**
*Die dans van die reën* 78
**Nel, Philip** **81**
*Die heks van Hexrivier* 81
**Opperman, D.J.** **84**
*Ballade van die Grysland* 84
*Klara Majola* 88
*Sproeireën* 92
**Philander, P.J.** **95**
*Haar uitvaart* 95
**Pretorius, Rudolph** **97**
*In liefde se skadu* 97
**Pretorius, S.J.** **100**
*Hanswors* 100
**Smith, Susan** **103**
*geen respekte* 103
*hartbreek* 106
*Ouveldstorie van die Khoikhoi* 109
**Snyders, Peter** **113**
*Die boodskapper* 113
**Sontonga, Enoch en Langenhoven, C.J.** **116**
*Volkslied van Suid-Afrika* 116
**Stander, Carina** **118**
*dakloos* 118
*kleurblind* 122
**Strauss, Pieter** **124**
*Die nuwe kind* 124
**Swart, Corlietha** **127**
*Lyndans* 127
**Van Aswegen, Marita** **130**
*By die robot in Eerstelaan* 130
**Van den Heever, Toon** **134**
*In die Hoëveld* 134
**Van den Heever, Ernst** **137**
*Die hardloper* 137
**Viljoen, Fanie** **140**
*Status update* 140
**Visser, A.G.** **142**
*Die ruiter van Skimmelperdpan* 142
**Formele assessering: Toetse** **146**
**Gedigvertalings: Engels** **160**
**Bronnelys** **184**

# De Jager, Dawie

# Rondom my (Verskuns, bl. 14)

## Die gedig in konteks

Liedere is een van die vroegste mediums waardeur mense hulle gevoelens verklaar het (*declared their feelings*). Dit het reeds in die Middeleeue gedurende die 11^de eeu begin en as die Troebadoerkuns bekend gestaan. Liedere het verskillende stemminge uitgedruk, byvoorbeeld: vreugde, smart (*sorrow*), verering (*worship*), verrukking (*enchantment*). Later is liedere op grond van hul onderwerpe ingedeel. Hierdie liriek, "Rondom my", kan as 'n tipiese liefdeslied (*love song*) gesien word. Lirieke word dikwels vanuit 'n ek-perspektief gesing, maar net soos in ander poësie, is die liriekskrywer en die spreker nie noodwendig dieselfde persoon nie.

Dawie de Jager is 'n lid van Klopjag, 'n groep vriende wat saam musiek maak. Met hulle groot verskeidenheid instrumente en liedjies wat genres oorskry (*overlapping genres*) het die groep in 2002 begin aandag trek toe hulle as finaliste in die ATKV Crescendo-kompetisie aangewys is. Hierna was daar geen keer nie. Hulle het begin optree by groot kunstefeeste soos die KKNK en Aardklop, en later hulle eie albums gemaak.

Hierdie lied is deur Dawie de Jager gekomponeer en is op een van Klopjag se CD's beskikbaar.

## Ontleding

### Begrippe

| | |
|---|---|
| **herhaling** (*repetition*) | Woorde, woordgroepe of versreëls word herhaal. Dit skep eenheid en word gebruik om iets te beklemtoon. |
| **liriek** (*lyrics*) | Dit is die woorde van 'n lied en is bedoel om gesing te word. 'n Liriek het die volgende kenmerke: 'n ek-spreker wat vertel hoe hy voel en hoe hy dinge ervaar, klankrykheid (*rich in sound*), ritme en baie herhaling wat dikwels in die vorm van 'n refrein voorkom. Dit is gevoelvol (*emotional*). |
| **metafoor** (*metaphor*) | 'n Metafoor is die gebruik van 'n woord op 'n nuwe of ongewone manier: "Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë". 'n Woord of frase word gebruik vir iets waarop dit nie gewoonlik van toepassing is nie. |
| **progressie** (*progression*) | Dit hou verband met ontwikkeling en verandering. Daar kan byvoorbeeld ontwikkeling wees in die tydverloop (*course of time*) en in die verloop van gebeure (*chain of events*). |
| **refrein** (*refrain/chorus*) | 'n Versreël of strofe wat telkens herhaal word en daarom ritme en ooreenkoms (*similarity*) skep. |
| **universeel** (*universal*) | Wanneer iets nie net op een persoon of situasie van toepassing is nie, maar enige plek, enige tyd en met enige persoon ter wêreld kan gebeur. |

### Uiteensetting

| | |
|---|---|
| **Tema** | Liefde |
| **Stemming** | Liefdeslied – liries (*love song – lyrical*) |
| **Bou** | **Uiterlike bou:** Drie strofes – die eerste strofe het ses versreëls, die tweede en die derde sewe versreëls elk. Tipies van 'n liriek is hier herhaling.<br>**Innerlike bou:** Progressie in die vorm van die verklaring (*declaration*) aan sy geliefde (*loved one*). |
| **Titel** | "Rondom my" verwys na die spreker ("my") wat sy geliefde by hom wil hê. |



Verskuns studiewerkgids Gr 12 EAT.indb 22 2016/04/03 8:36 PM

| | |
|---|---|
| **Strofe 1** | Die eerste twee versreëls word soos 'n refrein in strofe 1 en 2 herhaal. "my tyd vat" is 'n direkte vertaling van *take my time*. Hy verwys na "hierdie keer" asof dit vorige kere anders was. In **versreël 3** en **4** sê hy wat sy probleem is – hy is gewoonlik "veels te veel" (*much too often*) oorhaastig en holderstebolder (*head over heels*) en dan loop alles verkeerd. Dit word bevestig deur **versreël 5** en **6**, want die haastigheid het hom "ondergekry" (*got the better of him*). Alleenplasing en herhaling word gebruik om hierdie twee versreëls te beklemtoon. |
| **Strofe 2** | Dit begin met die **refrein**: versreël 7 en 8. **Versreël 9:** Die metafoor verwys na hartseer wat sy beleef het en wat haar skrikkerig (*reluctant*) maak om weer in 'n verhouding betrokke te raak (**versreël 11**). In **versreël 12** en **13** verseker die ek-spreker haar dat sy haarself kan wees, sonder om voor te gee (*without pretending*), wanneer sy by hom is.<br>Daar is herhaling in hierdie strofe met die eerste twee woorde wat elke keer met "ek" begin: "Ek wil"; "ek moet"; "Ek sien"; "Ek weet". Ook die laaste versreël herhaal: "Kom wees net jy". |
| **Strofe 3** | Die eerste versreël is 'n herhaling van die refrein, maar "ek" word met "As jy" vervang. Die spreker nooi haar uit om naby hom te bly terwyl sy 'n besluit neem. Woorde word herhaal in versreël 14 en 16, 17 en 18, 19 en 20. Die titel van die liriek word in versreël 17 en 18 gebruik, wat die betekenis daarvan duidelik maak – die spreker wil haar oral by hom hê, róndom hom. |

## Kontekstuele vrae

1. Wat sê die titel vir die leser?

2. Sê in jou eie woorde wat die spreker in die refrein (versreël 1 en 2) sê.

3. Watter soort rym word in die refrein gebruik?

4. Wat is die spreker se één groot probleem wanneer hy verlief raak op iemand?

5. 
   a. Benoem die beeldspraak in versreël 9.
   **Onderstreep EEN van die volgende:** vergelyking/personifikasie/metafoor.
   b. Wat wil die spreker daarmee sê?

6. Skryf 'n voorbeeld van alliterasie in strofe 2 neer en onderstreep die klanke wat herhaal word.

7. Wat, dink jy, kan "die dinge" wees wat haar pla? (Versreël 10) Noem **twee** moontlikhede.

8. Watter woorde sê vir die leser dat die spreker haar aanvaar net soos sy is en dat sy nie hoef te verander nie? Skryf dit neer.



Verskuns studiewerkgids Gr 12 EAT.indb 23 2016/04/03 8:36 PM

# De Lange, Johann

# Palimpses (Verskuns, bl. 16)

## Die gedig in konteks

Baie bome word daagliks afgekap om papierprodukte te maak. Elke stukkie papier waarop ons skryf, was oorspronklik 'n boom. As bome kon praat – wat sou hulle gesê het? En as die bome nie kan praat nie – wie praat namens hulle?



Baie digters skryf oor die skryfproses. Hierdie gedig is nie 'n uitsondering (*exception*) nie. Dit gaan egter nie net oor skryf nie, maar ook oor lewe. Dit beteken dat die gedig universeel word, want dit is op alle mense van toepassing.

Johann de Lange is op 22 Desember 1959 in Pretoria gebore. In 2011 wen hy die Hertzogprys vir poësie met sy bundel *Die algebra van nood*. Hy skryf ook kortverhale.

Gaan lees meer oor hom by www.johanndelange.blogspot.com.

## Ontleding

### Begrippe

| | |
|---|---|
| **alliterasie** (*alliteration*) | Dieselfde konsonante word kort na mekaar herhaal, byvoorbeeld: "en pulp en plet" (versreël 7), om te beklemtoon. |
| **assonansie** (*assonance*) | Die herhaling van vokaalklanke kort na mekaar. Onthou, dit gaan oor klank, nie letters nie: "uit selfs die fynste grein" (versreël 11). Hier is dit die **ei**/**y**-klank wat deel vorm van die assonansie. "saag en maal" (versreël 6) is ook 'n voorbeeld van assonansie. |
| **beeldspraak** (*figurative/ metaphorical language*) | Die digter maak gebruik van 'n beeld om beter te verduidelik. Hier word gesê dat "bome skryf". Die bome kan nie regtig skryf nie, maar ons weet presies wat die spreker bedoel. Dit is dus figuurlike taalgebruik. Die "kreukellose lug" (versreël 2) is ook mooi beeldspraak. Ons weet onmiddellik dat daar nie 'n wolk in die lug is nie. |
| **binnerym** (*internal rhyme*) | Dit kom voor wanneer 'n woord aan die einde van 'n versreël met 'n woord in die middel van die reël rym, byvoorbeeld: "en pyn ring op ring/deur hierdie oggend laat dein". |
| **eindrym** (*end rhyme*) | Die rymwoorde staan aan die einde van die versreëls, byvoorbeeld "grein" (versreël 11) en "dein" (versreël 14). |
| **enjambement** (*enjambment*) | Een versreël loop oor na die volgende sonder dat daar 'n ruspunt aan die einde van die versreël is. 'n Mens lees dus die twee versreëls aaneen. Dit laat die gedig vloei. |
| **personifikasie** (*personification*) | Wanneer 'n digter of skrywer menslike eienskappe aan 'n niemenslike voorwerp gee, byvoorbeeld: "Bome skryf teen die blou". |
| **herhaling** (*repetition*) | Dit bind 'n gedig tot 'n eenheid saam en beklemtoon, byvoorbeeld "bome" (versreël 1, 5 en 8). |
| **sonnet** | 'n Sonnet bestaan uit 14 versreëls. By die Italiaanse sonnet bestaan die eerste deel uit twee kwatryne (of agt versreëls/oktaaf) en die tweede deel bestaan uit twee tersines (of ses versreëls/sestet). Daar is gewoonlik 'n beeld (*image*) in die oktaaf en 'n toepassing in die sestet. |



Verskuns studiewerkgids Gr 12 EAT.indb 24 2016/04/03 8:36 PM